5. Leef as vrugdraende dissipel van Jesus Christus waar jy ook al kom—hoe?

⇒ Respekteer elke mens wat oor jou pad kom, luister na hulle, aanvaar hulle en dien hulle met selflose liefde.

⇒ Sien onreg, nood en konflik raak daar waar jy elke dag leef en raak betrokke, verkieslik met die hulp van die gemeente en jou mede broers en susters.

⇒ Raak op die een of ander manier betrokke by van die uitreikprojekte van die gemeente.

⇒ Reik uit na nie-lidmate in jou omgewing – veral diegene in jou streek en dien hulle met selflose liefde.

NG Kerk Lyttelton-Oos
Van Riebeecklaan 228 • Lyttelton-Oos • ✉ 14575 • Lyttelton • 0140
Webwerf: www.lytteltonoos.org.za • E-pos adres: lyttoos@mweb.co.za
Kerkkantoor Tel: (012) 664 4458 • Leraar: Ds Freddie Schoeman: 012-664-3751

WIE SAL EK STUUR?



OP SOEK NA IETS GROOT EN OPWINDEND?
IETS WAT JOU LEWE DIE MOEITE WERD MAAK?
WORD DEEL VAN GOD SE LEWEGEWENDE
BEWEGING NA DIE WÊRELD!

Lyttelton-Oos Gemeente is deel van die *missio Dei*, God se lewegewende beweging na 'n wêreld in nood. Deur ons bedieninge en werksaamhede word elke lidmaat die geleentheid gegee om gevorm en toegerus te word om elke dag as toegewyde dissipels van Jesus Christus te leef. Dissipels van Jesus Christus het die voorreg om elke dag 'n lewe in oorvloed (Joh 10:10) te leef deur die wêreld te vul met die liefde, vreugde en vrede van God. God se ryk van eenheid, geregtigheid en versoening word gestalte gegee deur toegewyde gelowiges wat die evangelie beliggaam – hulle *is* en *word* die evangelie in lewende lywe.

Die model waarvogens die gemeente funksioneer kan as volg uitgebeeld word:

Missio Dei	Roep	Versa-mel	Versterk en Vorm	Bemagtig	Stuur
Baniere	Plant	Sorg	Voed	Groei	Vrug dra
Efesiërs 4	Evange-liste	Herders	Profete	Leraars	Apostels
Kern-prosesse	Inkom-proses	Versor-gings-proses	Toewy-dings-proses	Toerus-tingsproses	Uitstuur-proses

Hierdie model is gebaseer op Lukas 10 en die manier waarop Jesus dissipels gemaak en uitgestuur het. Hy het gedoen wat God vandag nog doen: Hy het hulle geroep, Hy het hulle ingebind in 'n geloofsgemeenskap (versamel), Hy het met hulle gepraat oor die koninkryk van God wat naby is (versterk), Hy het hulle toegerus met vaardighede en instruksies oor wat om te doen waar hulle kom (bemagtig) – en dan het Hy hulle gestuur om die realiteit van die nabyheid van die koninkryk van God te gaan verkondig en demonstreer.

Hierdie proses word die Missio Dei – *God se sending* – genoem. Die Missio Dei is 'n term wat gebruik word om te sê dat God in wese 'n sendende God is – die Vader stuur die Seun, die Vader en die Seun stuur die Heilige Gees, die Heilige Gees bring die kerk tot stand en stuur die kerk. Die doel is om sy koninkryk op aarde vestig net soos wat dit in die hemel reeds is.

Dit impliseer dat ons anders moet dink oor die kerk en sending. Tradisioneel het ons gedink dat die kerk saam met al sy ander aktiwiteite onder andere ook sendingwerk doen. Hierdie sendigwerk word dan deur sendelinge gedoen en die kerk het sendelinge ondersteun wat gewoonlik op 'n ander plek as waar die gemeente was gewerk het (die sg. "verre heidenlande"). Hierdie model het gewerk in 'n kultuur waar min of meer almal om ons christene was en waar die kultuur basies christelik was.

⇒ Reik uit na mense in jou omgewing (streek) / by die werk / familiekring uit en dien hulle met die selflose liefde van Christus.
⇒ Gesels, indien moontlik, met hulle oor die evangelie en deel jou geloof met hulle op 'n toepaslike manier.
⇒ Rig 'n uitnodiging om die Alpha-kursus by te woon, 'n erediens by te woon of 'n sosiale geleentheid by te woon.
⇒ Wees gasvry teenoor nuwe intrekkers en besoekers. Staan jou sitplek en parkeerplek aan hulle af. Dien hulle met selflose liefde.
⇒ Word deel van die gasvryheidsbediening van die gemeente.

2. Help met die versorging van mede-gelowiges—hoe?

⇒ Probeer om soveel as moontlik name van jou mede-lidmate te leer ken – veral die mense in jou streek.
⇒ Besoek / kontak mense in jou streek (of elders in die gemeente) in geval-le van nood.
⇒ Word deel van die gebedsgroep op Whatsapp of e-pos.
⇒ Bel / kontak mede-lidmate wanneer hulle verjaar – veral diegene in jou streek (sien Herout).
⇒ Raak betrokke by bestaande sorgbedieninge in die gemeente of begin nuwes.

3. Werk aan jou verhouding met die Here—hoe?

⇒ Volg 'n daaglikse stiltetyd roetine waarin jy na die wil van die Here soek deur die Luistersiklus te volg.
⇒ Woon gereeld die eredienste by om gevoed en gevorm te word deur die Woord, die Sakramente en die seisoene van die kerklike jaar
⇒ Beoefen ander geloofsgewoontes en –praktyke om ruimte te maak vir die Gees om jou te vorm soos Hy wil.

4. Word al hoe meer gevorm na die beeld van Christus—hoe?

⇒ Deurloop die "Leef soos Jesus" – program.
⇒ Woon ander toerustingsgeleenthede by, veral die Ontdek jou Potensiaal kursus.
⇒ Maak 'n punt daarvan om die Bybel van hoek tot kant deur te lees.
⇒ Leef 'n Filippense 2:5-11 lewe. Verloën jouself, neem jou kruis op en volg Jesus (Markus 8:33).
⇒ Gee jouself, jou tyd, talente en tiende en beleef hoe die vrug van liefde, vreugde en vrede in jou toeneem.

geloofsgesin – ‘n plek waar die liefde van God ten toon gestel word.

2. Help met die versorging van mede-gelowiges—waarom?

Wanneer ons mekaar liefhet, kan ander mense sien dat ons dissipels van Jesus is (Joh. 13:34-35). In ons optrede teenoor mekaar wys ons vir die wêreld rondom ons iets van God se nuwe wêreld – sy koninkryk – wat aan die kom is. Deur die eenheidsband wat die Heilige Gees gesmee het te handhaaf deur in vrede met mekaar te leef (Ef. 4:3), vertoon ons die heerlikheid en glorie van die Heer.

3. Werk aan jou verhouding met die Here—waarom?

Om te groei in ons intimiteit met ons Hemelse Vader bring intense vreugde en vrede in ons lewens. Deur geloofsgewoontes- en praktyke te beoefen maak ons ruimte vir die Gees om in ons binneste te werk en ons te vorm na sy wil, soos die pottebakker sy klei. Ons wag en luister na die Gees om helderheid te kry oor wat ons moet doen.

4. Word al hoe meer gevorm na die beeld van Christus—waarom?

Dissipels se groot roeping en taak in hulle lewe is om soos hulle leermeester (rabbi) te word. Navolging van Christus is moontlik deur die inwoning van die Seun en die Gees (Gal 2:20). Ons is saam met Christus gekruisig en leef nou saam met Hom (Rom 6). Hierdie realiteit moet sigbaar word in ons daaglikse handel en wandel. Hiervoor is ‘n voortdurende proses nodig waartydens dieselfde gesindheid wat daar in Jesus was, ook in ons gestalte kry.

5. Leef as vrugdraende dissipel van Jesus Christus waar jy ook al kom—waarom?

Ons is almal deel van God se groot beweging na die wêreld toe – die *missio Dei*. Ons is God se medewerkers om ‘n stukkende wêreld heel te maak deur te streef na eenheid, geregtigheid en versoening op elke lewensterrein. Ons bring liefde waar daar haat is, vrede waar daar onreg en konflik is en vreugde waar hartseer en nood is. Oral waar ons leef en werk, rig ons tekens op van God se heerskappy, want Hy regeer reeds oor alles. Soos Jesus, leef ons ‘n lewe van selfprysgawe, saam met mense, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is.

HOE KAN EK DIT PRAKTIES DOEN?

1. Nooi mense na gemeentelike aktiwiteite uit en wees gasvry—hoe?

Dit is nie meer so nie. In ‘n kultuur wat toenemend vyandig teenoor christene raak en waar baie mense openlik verklaar dat hulle die kerk en christenwees vaarwel toegeroep het, moet ons anders dink en werk. In stede daarvan om te sê dat die kerk sendingwerk doen, moet ons eerder sê dat sending God se werk is en dat Hy die kerk deel maak van hierdie werk. Dus: dit is nie so dat die kerk ‘n sending het nie, maar dat die sendende God ‘n kerk het! Dit impliseer dat alles wat die kerk doen sendinggerig behoort te wees en dat elke lidmaat van die kerk ‘n sendeling is. Elke lidmaat moet dus ‘n dissipel wees – ‘n dissipel is ‘n gestuurde, ‘n sendeling.

Jesus se opdrag aan ons is “om dissipels te maak”(Matteus 28:19). Hoe doen ons dit? Deur mense te doop en te leer (let op die volgorde). Wat is ‘n dissipel? ‘n Dissipel is ‘n vakleerling van Jesus – iemand wat besig om by Jesus te leer hoe om soos Hy te dink, te voel en te leef. ‘n Dissipel is iemand wat leer hoe om Jesus te verteenwoordig waarheen hulle ookal gestuur word – na waar hulle werk, waar hulle inkopies doen, waar hulle sport beoefen, waar hulle ontspan.

Om lidmate van die kerk te help om as dissipels gevorm te word, het die Heilige Gees vyf “gawes” – in die vorm van vlees en bloed mense – aan die kerk gegee. Apostels, Profete, Evangeliste, Herders en Leraars. Elke lidmaat is ten minste een van hierdie “gawes” – dit beteken elke lidmaat (elke gedoopte – ook kinders!) oor spesifieke vermoëns beskik wat hom / haar óf ‘n Apostel, óf ‘n Profeet, óf ‘n Herder, óf ‘n Evangelis, óf ‘n Leraar maak. Die taak van elkeen van hierdie “gawes”is om die res van die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk sodat elke lidmaat kan “groei na Christus toe”(Ef 4:15) - met ander woorde om al hoe meer soos Jesus te dink, voel en doen – om “dieselfde gesindheid”as Jesus te ontwikkel (Fil 2:5). Elkeen van hierdie “gawes”verteenwoordig ‘n karaktereienskap van Jesus - en dissipels moet mettertyd al vyf van hierdie karaktereienskappe van Jesus vertoon.

Elke dissipel is

- ‘n gestuurde wat gestalte gee aan God se koninkryk (Apostels help lidmate om dit te wees)
- iemand wat omgee en sorg vir mede-dissipels (Herders help hulle om so te wees)
- iemand wat ander mense help om by Jesus en die kerk uit te kom (Evangeliste help hulle om dit te doen)
- iemand wat God se hart vir die wêreld - soos in die Bybel verwoord - te verstaan (Profete help hulle om dit te doen)
- iemand wat opgelei en toegerus word om gestalte aan God se koninkryk te gee (Leraars help hulle om dit te doen)

In ons gemeente is daar vyf kernprosesse om bogenoemde te bereik:

Inkomproses (waar Evangeliste die leiding neem) – die proses waardeur lidmate uitreik na mense rondom hulle, hulle met die liefde van God bedien, verhoudings met hulle bou en hulle uitnooi om deel te word van die gemeente.

Versorgingsproses (waar Herders die leiding neem) – die proses waardeur lidmate van die gemeente versorg word en in nood bygestaan word.

Toewydingsproses (waar Profete die leiding neem) – die proses waardeur lidmate geestelik versterk word en al hoe meer die hart van God vir die wêreld verstaan.

Toerustingsproses (waar Leraars die leiding neem) – die proses waardeur lidmate prakties gevorm en opgelei word om die werk van 'n dissipels te gaan doen.

Uitstuurproses (waar Apostels die leiding neem) – die proses waardeur lidmate bemagtig word om op praktiese maniere gestalte aan God se koninkryk te gee waar hulle ook al kom.

Hierdie vyf prosesse word uitgebeeld deur die baniere voor in die kerk:

- Inkomproses (Plant – plant God se liefde in die hart van mense)
- Versorgingsproses (Sorg – sorg vir mense wat swaarkry)
- Toewydingsproses (Voed – die manier waarop ons geestelik versterk en gevorm word)
- Toerustingsproses (Groei – ons begin al hoe meer soos Jesus dink, voel en doen)
- Uitstuurproses (Vrug dra – die vrug van liefde, vreugde en vrede ten einde aan God se koninkryk gestalte te gee)

Al vyf prosesse kom op 'n uitnemende manier bymekaar met elke **erediens**. Elke Sondag roep God sy mense bymekaar, Hy versamel hulle, Hy versterk hulle, Hy bemagtig hulle en Hy stuur hulle weer uit. Met elke erediens wat ons bywoon word ons geloof al hoe meer gevorm en Sondag vir Sondag begin ons al hoe meer soos Jesus dink, voel en doen.

Vanuit die erediens funksioneer elkeen van die werksaamhede en bedieninge van die gemeente. Dit word gelei en gekoördineer deur die **Bedieningspan** (wat verantwoordelik is vir die vyf kernprosesse) en die **Bedryfspan** (wat verantwoordelik is vir die logistieke en finansiële ondersteuning aan die bedieninge van die gemeente).

WAT WORD VAN MY AS LIDMAAT VAN LYTTELTON-OOS VERWAG?

Ons gemeente is deel van die *missio Dei*, God se beweging van liefde en genade in hierdie wêreld wat mense, mense se omstandighede, asook die hele skepping heel en nuut maak; om die wêreld te red uit die mag van die sonde en die dood. As sulks moet ons die evangelie in woord, daad en diens beliggaam. Ons moet Christus vergestalt in die manier waarop ons mekaar onselfsugtig dien, die manier waarop ons onsself aan die Here toewy en na sy wil vra, die manier waarop ons toelaat dat die Gees ons toerus, die manier waarop ons onsself, ons talente, ons tyd en ons tiendes gee, asook die manier waarop ons vrugte dra, vrugte van liefde, vreugde en vrede.

Indien elke lidmaat net vyf eenvoudige dinge doen, kan dit ons as gemeente baie help om die evangelie in word, daad en diens te beliggaam. Hierdie aktiwiteite is:

1. Nooi mense na gemeentelike aktiwiteite uit en wees gasvry (Evangeliste help ons hiermee)

2. Help met die versorging van mede-gelowiges (Herders help ons hiermee)

3. Werk aan jou verhouding met die Here (Profete help ons hiermee)

4. Word al hoe meer gevorm na die beeld van Christus (Leraars help ons hiermee

5. Leef as vrugdraende dissipel van Jesus Christus waar jy ook al kom. (Apostels help ons hiermee)

HOEKOM IS DIT BELANGRIK?

1. Nooi mense na gemeentelike aktiwiteite uit en wees gasvry—waarom?

Mense smag na liefde en aanvaarding. Die goeie nuus van 'n God wat mense innig liefhet behoort wyd en syd, aan al wat leef en beef verkondig te word. Mense leer die God van liefde ken wanneer sy mense (d.w.s. ons!) ander met liefde benader en dien. Ons maak God sigbaar wanneer ons met liefde, vreugde en vrede leef. Ons getuig van God se liefde wanneer ons met woorde en met dade ander mense daarvan vertel of hulle in kontak bring met Lyttelton-Oos as